



PRIMÈRE SKOOL UNIVERSITAS

GEDRAGSKODE VIR OUERS

Die Primêre Skool Universitas het ter wille van die ordelike organisasie en verloop van sportbyeenkomste tydens oefeninge en kompetisies en ter beskerming sy leerlinge, afrigters en personeel 'n gedragskode vir ouers:

1. Ouers sal hulle op 'n wyse gedra dat hulle nie die skool, personeel of leerders in 'n swak lig stel en 'n verleentheid vir die skool is nie.
2. Ouers sal selfbeheersing toepas en wedersydse respek, hoflikheid en verdra mekaar, die leerkrigte en die leerders betoon.
3. Leerkrigte, deelnemers, afrigters, skeidsregters of beoordelaars mag nie geïntimideer word nie.
4. Ouers moet hulle gedra volgens die etiket wat 'n bepaalde sportsoort vereis.
5. Fisieke geweld, lasterlike en beledigende taal of onwelvoeglike tekens tydens sport buitemuurse aktiwiteite is ontoelaatbaar.
6. Ouers mag nie op onsportiewe wyse optree nie.
7. Ouers moet hulle daarvan weerhou om insidente te veroorsaak of daarby betrokke te raak.
8. Ouers sal selfbeheersing toon en nie onbetaamlik reageer op beslissings van beoordelaars of skeidsregters nie, al het hulle moontlik gefouteer.
9. Ouers wat enige skoolaktiwiteit bywoon, moet die versoeke van die betrokke skool/reëlings nakom.
10. Ontwrigtende gedrag is ontoelaatbaar.
11. Ouers moet ten alle tye 'n voorbeeld stel.
12. Afrigters mag nie tydens sportoefening terugvoering vereis of klagtes en probleme te bespreek nie.
13. Sportoefeninge mag ook nie onderbreek word om met spanposisies en spankeuses in te meng nie.
14. Ouers mag reël om enige navrae, klagtes en voorstelle met die gepaste tyd en plek te bespreek.
15. Gesprekke behoort wedersyds op 'n konstruktiewe, hoflike, beheerste en respekvolle wyse tussen ouers en personeel/afrigters te geskied.
16. Skooleiendom mag nie goedgunstiglik of wederregtelik van enige skool se perseel sonder vooraftoestemming van die skoolhoof en in oorlegpleging met die personeellid wat daarvoorverantwoordelik is, verwyder word nie.

GOEDGEKEUR DEUR DIE BEHEERLIGGAAM OP 23 AUGUSTUS 2016.

Willie Burger
Voorsitter vd Beheerliggaam

Die Beheerliggaam is nie oortuig dat ouers die onderstaande vorm sal teken nie en aanvaar dit ouers hiervan sal kennis neem wanneer hulle die aansoek tot toelating-vorm teken. Die sal ook in die huiswerkboek geplaas word asook op die webblad.

GEDRAGSKODE VIR OUERS:

Ek,

.....(moeder/
vader//voogde van:

Naam van leerder/s:

1. Gr
2. Gr
3. Gr
4. Gr

onderneem om my aan die reëls en regulasies soos in die gedragkode vervat gehoor te gee. Ekneem kennis en verstaan wat in die gedragkode staan.

GETEKEN teop die van 201...

Vader: Moeder:

HANDTEKENING VAN BEIDE OUERS/VOOGDE:

TOESKOUERBELEID:

1. Hierdie is kinders wat speel.
2. Ontspan, dit is slegs `n spel.
3. Die afrigters is vrywilligers, waardeer hul opoffering.
4. Die skeidsregters is ook net mense, behandel hulle so.
5. As jy kritiek het, hierdie is nie die regte plek daarvoor nie.
6. Dit is vir jou kind lekker dat jy hier is